# DIE AFRIKANER-BROEDERBOND EN DIE ALGEMENE VERKIESING VAN 1948

**PW Coetzer***

*From 1935 Dr Malan and Gen. Hertzog were at loggerheads concerning the Afrikaner secret organisation, the Afrikaner Broederbond (AB), with Malan, unlike Hertzog, being a member of this organisation. Since the general election of 1943 United Party (UP) leaders feared the future role of the AB in SA politics. The AB played a leading role in the Dutch Reformed Church of the Afrikaners and in many other spheres. Before the 1948 election Premier Jan Smuts forced AB members to choose between the AB and the civil service. Most of the NP politicians were members of the AB and worked towards a republic for SA, thus the UP regarded the AB as a dangerous society. They believed that the AB also had a financial front working towards winning the next election. The UP believed that the AB had taken over the Ossewa-Brandwag (OB) - a pro-Nazi organisation - after the war. At this stage there were only about 3000 members in the AB. Notwithstanding this the UP feared that this organisation was striving towards a dominating Afrikaans community for the country as a whole. They also believed that the NP had been responsible for the establishment of the OB during the war years. They told the country that a Malan Government would be the beginning of frustration and ruin. They knew that the influence of the AB would be instrumental in the outcome of the 1948 election and tried to warn electors against an Afrikaner republic and Afrikaner dominance.*

---

Sedert die stigting van die Afrikaner-Broederbond (AB) in 1918 het hierdie organisasie 'n aktiewe rol gespeel in alle Suid-Afrikaanse politieke verkiesings. AB-lede het veral in die Nasionale Party (NP) 'n politieke tuiste gevind, vandaar dat hierdie lede hul vir die heil van dié party beywer het. Die AB was ook in 'n groot mate die dinkskrum van die party se breinkrag waar strategie en optrede beplan is. Dit was nog in 'n meerdere mate dertig jaar na die AB se stigting, in 1948, die geval, aangesien die organisasie in daardie jaar vasberade was om die party van sy keuse, die Herenigde Nasionale Party (HNP), met sy apartheidsbeleid ten alle koste aan bewind te plaas.

Dit verbaas dus nie dat die HNP tydens die algemene verkiesing van 1948 in 'n groot mate as 'n werktuig van die AB beskou is nie. Dr. DF Malan, leier van die party, is reeds sedert 1935 herhaaldelik oor sy AB-lidmaatskap onder verdenking geplaas en deur die Verenigde Party (VP), en veral ook deur die eerste minister, genl. JBM Hertzog, daaroor aangeval. Daar is veral te kenne gegee dat hy deur die AB gemanipuleer word.

* Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat.

Reeds in 1943, enkele maande na afloop van die 1943-verkiesing, het die algemene sekretaris van die VP, OA Oosthuizen, kommer uitgespreek oor die groeiende rol van die AB. Oosthuizen was reeds daarvan bewus dat die VP gebuk gaan onder die naweë van hul verkiesingsoorwinning. Die verkiesing is gevolg deur groeiende ontevredenheid en 'n ongekende gemor oor die Smuts-regering. Die opposisie was aan die speerpunt van hierdie politieke offensief. Selfs belangriker nog was die rol van die Broederbond. Oosthuizen vertel: "The driving force of the Broederbond is proving a unifying force which is bringing together in secret all the elements of the Anti-War opposition - Malanites, Piroites, A.P. (Afrikaner Party) and O.B. (Ossewa-Brandwag). The result was shown by the Zoutpansberg result. The unifying cry is Afrikaner dominance. They are working secretly, cleverly and energetically on a Fascist and totalitarian basis. Their object is to capture every single representative organization in the country - school boards, health boards, municipal councils, divisional councils and the like. And they are succeeding. It is extremely difficult to attack them directly as they have the active support of at least 80% of the Church." Vir die VP was die groeiende invloed en koördinasie van die AB 'n bron van kommer. Dit was volgens die party ook 'n groot fout dat die AB en die HNP toegelaat is om die munisipale verkiesing in Pretoria te wen. Die VP het 'n reeks landwye vergaderings vir 1944 beplan, ten einde die bedreiging van die AB intensief te bespreek. Daar is gehoop dat die erns van die bedreiging van die AB tot die VP-lede sou deurdring, sodat kragte teen die organisasie saamgesnoer kon word.[1]

Gedurende dieselfde jaar het die Smuts-regering 'n bepaling uitgereik waarin alle staatsdiensamptenare wat AB-lede was, gemaan is om onverwyld 'n keuse tussen die staatsdiens en die geheime organisasie te maak. Indien hulle as AB-lede wou aanbly, sou hulle genoodsaak wees om uit die regeringsdiens te bedank.[2]

In die amptelike verkiesingspamflet van die VP is die regering se vyande soos volg aangedui: openbare vyand nommer een was die AB, nommer twee was die HNP, drie die OB en vier die Gryshemde. Die AB was 'n organisasie waarmee die VP en die Engelstalige pers kiesers wou afskrik. So is daar byvoorbeeld 'n berig geplaas onder die opskrif: "Broederbond peril lurks behind this election. Secret 'twelve' make final bid for domination." Hiervolgens is berig dat 60 van die HNP se 93 kandidate in die algemene verkiesing AB-lede was. Van daardie 60 lede was 6 boonop ook lede van die Uitvoerende Raad (UR) van die AB. Deur hierdie lede en die res

[1] JW Jagger-biblioteek: **Victor Nortonversameling.** Minutes of conversation with OA Oosthuizen, General Secretary of the United Party, in Norton's office on Tuesday April 4th, 1944.

[2] Unisa. VP-Argief: **OA Oosthuizenversameling**, vol. 19. Studiestuk: The Broederbond. "The Black Hand Society of South Africa".

van die AB sou die belangrikste aanslag ooit op die regering gemaak word. Daar is (ten onregte) geglo dat dit die laaste aanslag ooit op die VP sou wees en dat die AB daarna sou ontbind. Hoewel AB-lede normaalweg nie toegelaat is om hul lidmaatskap te openbaar nie, het dr. Malan enkele dae voor die verkiesing in die openbaar verklaar dat hy 'n lid was van dié organisasie. Broederbondlede wie se name spesifiek genoem is as kandidate in die 1948-verkiesing, was: dr. Nic Diederichs (Randfontein), dr. Theo Dönges (Worcester), dr. Albert Hertzog (Ermelo), dr. AJR van Rhyn (Bethlehem), dr. HF Verwoerd (Alberton), dr. EG Jansen (Wolmaransstad), prof. AI Malan (Gezina), mnr. Henning Klopper (Vredefort) en mnr. Wennie du Plessis (Standerton).[3] Daar is berig dat die AB na jarelange insypeling in rade en verenigings op daardie tydstip gereed was vir hul finale doelwit, naamlik 'n Afrikanerrepubliek. Die **Sunday Times** het uit die grondwet van die AB aangehaal en die "eenvoudige strewe" van die organisasie aan sy lesers voorgehou. Benewens die AB-lede se strewe na 'n republiek is verklaar dat geen VP-ondersteuner, ongeag sy taalverband, lid van die AB kon word nie.[4] Hierdie aanval op die Broederbond en die HNP is ongeveer twee weke voor die verkiesing deur min. Jan Hofmeyr in Johannesburg gedoen en daarna is in verskillende Engelse koerante aanvoorwerk gedoen vir die "onthullings" in die **Sunday Times**.

Afrikanerbaasskap en die strewe na 'n Afrikanerrepubliek is as verterende ideale van die "gevaarlike geheime vereniging" voorgehou. Genl. Hertzog se kritiek op dr. Malan in 1935, naamlik dat hy deur sy verwantskap met die AB "verplig word om die pad van volksverdeeldheid en volkstryd te bewandel", is telkens deur die VP tydens die propagandastryd aangeraak. In 'n verkiesingsbrief het die VP te kenne gegee dat die HNP nie langer 'n gewone politieke beweging was nie. Die party was 'n agent van 'n geheime organisasie (die AB) wat hom toegelê het op die totstandkoming van 'n Afrikanerrepubliek op 'n onderduimse manier, indien hy dit nie op 'n politieke manier kon regkry nie.

Verskeie Afrikanerorganisasies is ook as "meelopers" van die AB onder verdenking gebring. Die Gryshempbeweging is as 'n agent van die AB aan die politieke front bestempel, terwyl die OB en die Voortrekkerpers as agente aan die "aksiefront" van dié organisasie voorgehou is. Daar is ook beweer dat die Broederbond oor 'n "finansiële front" beskik. Hier is die Reddingsdaadbond genoem, 'n liggaam wat, na aanleiding van sy eie verslae, oor miljoene ponde kapitaal beskik het. Die AB, so het die VP geglo, was die rykste politieke beweging in Suid-Afrika, 'n aanname wat beslis nie waar was nie. Meer nog: kiesers is daarop gewys dat die AB die sosiale en ekonomiese beleid van die HNP, sowel as die nuutgevonde apartheidsbeleid, opgestel het. Daar is beweer dat dit veral Broederbondprofessore was wat hierin

3 **The Cape Argus**, 16 Augustus 1948; **Die Burger**, 25 November 1948.
4 **Sunday Times**, 23 Mei 1948.

sleutelrolle gespeel het. Kiesers moes deur die AB afgeskrik word. Die VP het gewaarsku: daar was 'n wesenlike gevaar dat indien die HNP aan die bewind sou kom, nywerhede lamgelê sou word, omdat die party slegs een van verskeie agente van die AB was.[5] Dit was uiteraard in 'n groot mate afskrifmiddels vir die kiesers teen die HNP.

Die VP het telkens die AB by die kiesers in diskrediet probeer bring deur dit as 'n sinistere, ondermynende organisasie voor te hou. Dit is as die "Swarthand-vereniging" of as 'n "polities-revolusionêre" organisasie bestempel.[6] Dit is opmerklik watter insae die VP en ook die **Sunday Times**, wat later steeds gepoog het om die AB verdag te maak, gedurende die veertigerjare in die rol en werk van die AB gehad het. Klaarblyklik het inligting oor dié organisasie gedurende dié tyd geredelik uitgelek. In 'n VP-studiestuk oor die AB in 1947 is dit beklemtoon dat die geheime vereniging se invloed tot elke lewensfeer deurgesyfer het, ook in sport, opvoeding, die sakelewe en die kerk. Die primêre doelstelling van die AB was om die regeringsbewind oor te neem en 'n Afrikanerrepubliek uit te roep, veral ook omdat hulle ontevrede was met die Smuts-regering se pogings om beheer oor die organisasie te probeer uitoefen. Binne die Broederbond is reeds 'n skadukabinet gevorm wat die bewind sou oorneem, indien die HNP die volgende verkiesing sou wen. Die AB se kultuurmasker, so is geglo, het in 1934 vir 'n politieke masker plek gemaak.

In 1932 het die voorsitter van die AB dit duidelik gestel dat hulle 'n onafhanklike Afrikaanse regeringsvorm vir Suid-Afrika beoog het, 'n uitlating wat deur die VP sestien jaar later steeds aan die groot klok gehang is. Dit is gebruik om kiesers in 1948 te waarsku dat die beginsels van gelyke regte, wat die HNP ook aan Engelssprekendes voorgehou het, geensins opreg bedoel is nie. Die AB was vasbeslote om die Unie volgens die beginsel van baasskap te regeer. In hul veroordeling van die AB het die VP telkens na die uitspake van genl. Hertzog gegryp, wat onder meer daarop gewys het dat die AB-lede in die geheim onderneem het om enige samewerking wat op nasionale eenheid met die Engelssprekendes sou uitloop, teen te staan. Vir die AB was die belange van die HNP, OB en Nuwe Orde (NO) ondergeskik aan dié van die bond. In 'n persverklaring het die voorsitter (prof. JC van Rooy) en die sekretaris (IM Lombard) van die AB die geheimhouding van die werksaamhede van die organisasie met dié van 'n regeringskabinet vergelyk.

Omdat hul werksaamhede nie openbaar gemaak is nie, kon hulle meer effektief funksioneer. Die VP het dit gekritiseer, aangesien die AB 'n "staat binne 'n staat"

---

5 Unisa. VP-argief: **JM Conradieversameling**, band 48. Algemene Verkiesing: Partybrief no. 5.

6 **Oosthuizenversameling**, vol. 19. Studiestuk: "The Broederbond. The Black Hand Society of South Africa"; Central Head Office. Studiestuk: Wie regeer Suid-Afrika? Die volk teen die Broederbond.

wou skep. Van die sewe punte van die Broederbond se doelstellings korreleer die eerste ses met die HNP se Sosiale en Ekonomiese Beleid. Volgens die VP het die AB hom die volgende ten doel gestel:

- die onafhanklikheid van Suid-Afrika;
- die verwydering van die minderwaardigheid van Afrikaners en hul taak;
- die strenge segregasie van alle nie-blankes (apartheid);
- die beëindiging van die uitbuiting van alle Suid-Afrikaners deur "vreemdelinge";
- die rehabilitasie van die landbouklas, "maatskaplike sekuriteit deur middel van werk" en meer intensiewe industrialisasie;
- die nasionalisasie van krediet en 'n beplande ekonomie;
- die verafrikaansing van die openbare lewe en die opvoeding op 'n Christelik-nasionale manier, terwyl die vryheid vir die interne ontwikkeling van alle groepe toegelaat sou word, mits daar geen militante optrede teenoor die staat sou wees nie.

Daar is geen geheim van gemaak dat die FAK en Volkskas skeppinge van die AB was nie. Volgens **Inspan**[7] het die FAK onder meer as beskermheer opgetree vir meer as 150 onafhanklike Afrikanerkultuur- "en ander" organisasies, 25 provinsiale Afrikanerorganisasies landwyd, talle plaaslike Afrikanerorganisasies en die Reddingsdaadbond. Die veldtog teen tweetalige onderwys was ook in die hande van die AB, asook miljoene ponde wat in Afrikanerondernemings belê is.[8] Geen geheime organisasie ter wêreld, so het die VP geglo, het met die AB vergelyk in terme van die rykdom tot hul beskikking of ten opsigte van die getal "sleutelfigure" wat hulle in belangrike administratiewe staatsdiensposte "geplant" het nie. Hieroor was die VP nie so geweldig bekommerd as wat hulle oor die AB se beheer oor politieke magte was nie.

Daar is ook beweer dat die OB deur die Broederbond oorgeneem is nadat gerugte versprei is dat hul aanvanklike leier, kol. JC Laas, 'n Vrymesselaar was. Dr. Hans van Rensburg het hierna OB-leier geword. Die HNP, die OB en sy fronte (die Stormjaers, die Jeugfront en die Voortrekkers) het nou die aksiefront van die Broederbond geword. Verder is te kenne gegee dat dr. Malan in 1941 sy eie dissiplinêre front gevorm het, met die aanstelling van onder meer Führers en selle.

---

7 **Inspan**, Februarie 1945.

8 Daar is na die verkiesing aangevoer dat die AB beheer oor veertien maatskappye uitoefen met 'n kapitaal van £7 tot £8 miljoen, filiaalmaatskappye met 'n kapitaal van £20 tot £30 miljoen en 'n omset van £400 tot £500 miljoen. Dit was juis hierdie organisasies wat gehelp het om die HNP in die 1948-verkiesing te finansier. **Die Burger**, 25 November 1948.

Volgens hierdie VP-studiestuk het die AB op twee manier gepoog om sy doelstellings te bereik:

- die organisasie se politieke aksie is deur die HNP op 'n redelike openlike wyse gevoer;
- die AB se geheime politieke aksie is deur sy talle agente in die verskillende vertakkinge van die staatsdiens, provinsiale dienste, munisipale dienste en die departemente van opvoeding behartig.

Gedagtig aan die feit dat daar op dié tydstip maar ongeveer 3000 AB-lede was, klink dit vergesog dat hierdie mense in die staatsdiens en elders werklik soveel invloed kon hê as wat die VP te kenne wou gee. Om verder te beweer dat die OB én die Gryshemde werktuie van die AB was, is beslis onwaar. Dat soveel as 80% van die predikante (daar word waarskynlik hier na die NG Kerk verwys) die AB aktief gesteun het, was dalk moontlik. Predikante het veral gedurende hierdie tyd 'n besondere invloed op die gemeenskap gehad, juis daarom kon die getal predikante in die AB hoog gewees het. 'n Syfer van 80% klink nietemin effens hoog. As die AB se doelstellings ontleed word en sy sterk kulturele grondslag in ag geneem word, is dit beslis onrealisties om te beweer dat dié organisasie in 1934 sy kulturele grondslag vir 'n politieke basis verruil het. Miskien sou dit meer korrek gewees het om te sê dat sy politieke doelstellings, naas sy kulturele doelstellings, sterker op die voorgrond geplaas is. Die ekonomiese posisie van die AB is ook heeltemal oordryf. Dit word sterk betwyfel of die Broederbond enigiets te doen gehad het met die ontslag van kol. Laas en die aanstelling van dr. Van Rensburg as OB-leier. Geen getuienis kon ook opgespoor word dat dr. Malan in 1941 sy eie dissiplinêre front gevorm het met die aanstelling van Führers en selle nie.

Volgens die VP het die AB die HNP sy volle samewerking gegee om die Christelik-nasionale republiek tot stand te bring. Die Broederbond het, ondanks die onversoenlike houding van die AB-lede, dr. Verwoerd en Hans Strijdom, aan die HNP volle vryheid gelaat om hulle eie metodes te gebruik om 'n algemene verkiesing vir die Afrikanerdom te wen. Dit sou dus ook vir die 1948-verkiesing geld.[9]

Die VP was veral ontevrede met die AB se openlike beleidsverklaring van die "verafrikanisering van ons openbare lewe en ons onderwys". Hulle het gevoel dat daar voorkeur aan 'n bepaalde seksie (in dié geval die Afrikaanssprekendes) gegee is en dat die HNP eintlik 'n verlengstuk van die AB was. Vir die HNP en die AB was die meriete van 'n bepaalde kandidaat vir byvoorbeeld die skoolkomitee of

---

9 **Oosthuizenversameling**, vol. 19. Studiestuk: "The Broederbond. The Black Hand Society of South Africa".

munisipale raad nie deurslaggewend nie, of die norm waarmee gemeet is nie, maar wel die feit of hy 'n AB-lid was. Wat die HNP se verbintenis met die AB betref, is in 1942 nadruklik verklaar dat die party aanvaar word as "die enigste organisasie wat leiding op politieke gebied moet gee". Die VP was duidelik ongelukkig dat die AB hom reeds in 1942 op partypolitieke gebied, ook op die vlak van plaaslike owerhede, begewe het. Gedurende die plaaslike verkiesings van 1947 is hierdie aspekte baie sterk uitgelig, asook die feit dat AB-lidmaatskap slegs moontlik was indien aspirantlede lede van die HNP was en sterk standpunt teen Engelssprekendes ingeneem het. Desnieteenstaande, so is beweer, het die AB voorgegee dat hy nie-rassisties en nie-polities van aard was.

Teen 1948, met die verkiesing wat op hande was, is daar nog sterk deur die VP na die oorlog teruggegryp, 'n oorlog waar die AB die geïnterneerdes finansieel en geestelik gesteun en simpatie met dié mense betuig het.

Die VP het ook te kenne gegee dat die AB tydens die Ossewatrek van 1938 'n "aksiefront", of ondergrondse leër, geskep het wat op die stigting van die OB uitgeloop het.[10] Daar kon geen getuienis van AB-betrokkenheid hierby opgespoor word nie. Die VP het verder beweer dat die Broederbond se agente in die staatsdiens die HNP in kennis gestel het dat die Smuts-regering sekere korrespondensie en verslae uit argiewe in Berlyn en ander Duitse stede bekom het. Daarin is onder meer aangetoon dat die OB-leiers 'n komplot teen die Unie gesmee het om Duitsland te help. Dr. Malan was lugtig dat die regering die OB-leiers voor die hof sou daag voordat die verkiesingsveldtog verby was. Hy en sy koerante het die HNP-volgelinge gevolglik oor 'n tydperk van ongeveer twee maande gedurig gewaarsku teen 'n "verkiesingsbom", afkomstig uit die Duitse argiewe. Etlike OB-lede, wie se kandidatuur as "onwenslik" beskou is met die oog op die verwagte "bom", is deur die HNP van die hand gewys. Ander, wie se name nie deur die Duitse regering genoem is nie, is met ope arms as HNP-kandidate aanvaar.[11]

Namate die verkiesingsdag nader gekom het, het die VP in 'n toenemende mate gepoog om die HNP in 'n swak lig te stel, veral ook deur die party as 'n marionet van die Broederbond voor te hou. Vir die VP was die AB en die HNP sinoniem. Wanneer die AB skerp aangeval is, is die HNP dus ook by so 'n aanval betrek. Sen. AM Conroy het verklaar dat die HNP en die AB een en dieselfde was, behalwe dat die Broederbond die hond en die HNP die stert was. By geleentheid het hy ook gesê dat elke Engelsman en Jood wat vir die Nasionaliste stem, doodgeskiet behoort te

10 Unisa. VP-argief: **UP Central Head Office-versameling**. Broederbond 1943-1965. Studiestuk: Report on Afrikaner Broederbond with special reference to statements issued on its behalf.

11 Unisa. VP-argief: **UP Central Head Office-versameling**. Studiestuk: Wie regeer Suid-Afrika? Die volk teen die Broederbond.

word. Hierdie mense moes nie vir die "gekoer" van die AB-leier luister nie; met 'n meerderheid van slegs een sou dit Ikabod wees vir die VP.

Enkele daė voor die verkiesing het dieselfde Conroy verklaar dat die Broederbond vir Suid-Afrika gevaarliker as die Kommunisme was, 'n mening wat **The Cape Argus** ook onderskryf het. Die AB is bestempel as "'n klein kliek verbitterde en onverbiddelike opperste rassehaters". In teenstelling met die Kommuniste wat drie kandidate in die 1948-verkiesing gestel het, het die AB verskeie Broederbonders in die HNP-geledere gehad en was hulle ideaal om die bewind van die Smutsregering oor te neem. Wat vir die VP 'n gevaarlike situasie geskep het, was die feit dat die HNP onder die ysterhand van die AB gestaan het. Indien Suid-Afrika sy vryheid wou red, moes hy, volgens die VP, die AB en sy HNP-bondgenoot op 26 Mei vernietig soos hy Hitler help vernietig het en soos hy op daardie tydstip ook die Kommunisme teengewerk het.[12] Met die AB-standpunt van "een land, een volkslied en een taal" was dit uiters onwaarskynlik dat baie Engelssprekendes vir die HNP met sy sterk AB-verbintenis sou stem.[13]

Wanneer die VP-omsendbriewe en koerantkommentaar, wat die verkiesing van 1948 voorafgegaan het, ontleed word, blyk dit duidelik dat die VP 'n geweldige vrees en ontsag vir die Broederbond gehad het. Daar is gesê dat die grootste taak wat die VP in die gesig gestaar het, geensins onderskat kon word nie. Waar hulle in die verlede 'n politieke beweging moes beveg, is hulle in 1948 gekonfronteer met 'n party wat een van die agente van 'n geheime organisasie, die Broederbond, was. Die VP het telkens op die AB se vooropgesteldheid van die Afrikaanse taal gehamer en die belangrikheid van "rasse-eenheid" tussen Afrikaans- en Engelssprekendes benadruk. Die Afrikanerideale is met dié van die Nazi's vergelyk. Aanvanklik het die ideale tot die vreugde van enkeles bygedra, dog teen die einde sou ook hulle hul volk vernietig, aldus die VP. Die HNP moes daarvan weerhou word om Suid-Afrika op die pad na ellende en frustrasie te plaas.[14]

Die VP se vrees vir die AB was geregverdig. Dit is ongetwyfeld so dat die Broederbond 'n sleutelrol in die 1948-verkiesing gespeel het. Dit was hierdie geheime organisasie wat die HNP op pad na 26 Mei subtiel gemotiveer het. Agter die skerms het hy die HNP bly inspireer en koers en leiding gegee. Die HNP-leier, dr. Malan, asook verskeie ander HNP-leiers, was AB-lede, daarom bestaan daar geen twyfel dat hierdie leiers ten nouste met die AB beplan en saamgewerk het en dat

---

12 **Eastern Transvaal Advertiser**, 15 Mei 1948; **The Cape Argus**, 3 Mei 1948; **Die Burger**, 29 April 1948.

13 Unisa. VP-argief: **D Jacksonversameling**, volume 50. Studiestuk: A Nationalist Party attempt to wipe out its record.

14 Unisa. VP-argief: **Corrie van Vuuren-versameling**, karton 13: Election 1948. United Party weeks.

die ideale van die AB en die HNP grootliks dieselfde was nie. Die bewering dat die meeste HNP-kandidate vir die 1948-verkiesing ook AB-lede was, was na alle waarskynlikheid ook korrek. Meer nog; die Broederbond sou waarskynlik gepoog het om die suksesvolle HNP-kandidate so spoedig moontlik as AB-lede te werf. Dat vertroulike inligting uit die AB na genl. Smuts gelek het, was beslis die geval.[15] Dit het beteken dat Smuts voortdurend bewus was van die werkwyse, oogmerke en selfs die samestelling van die AB. Die ironie was egter dat daar weinig was wat Smuts aan die oogmerke van die AB/HNP-groepering kon doen, bo en behalwe die feit dat hy bewus was van die erns waarmee die AB die 1948-verkiesing tegemoetgegaan het en die metodes wat hulle sou aanwend. Met die openbaarmaking van die getal AB-lede wat potensiële HNP-volksraadslede was, het staatsdiensamptenare ook besef dat hulle nie hul AB-lidmaatskap vir Smuts kon verberg nie. Woorde soos "Afrikanerbaasskap", "Afrikanerrepubliek", "Afrikaanse regeringsvorm" en die "Swarthandvereniging" is gebruik om mense af te skrik van die AB en sy bondgenoot, die HNP.

In 1948, meer as ooit tevore, met genl. Hertzog nie meer op die politieke toneel nie, was dr. Malan dus in staat om ongesteurd met die raad en insette van die AB die land in hul koers te stuur. Dit het die verkiesingsoorwinning van 1948 vir die HNP betekenisvol gemaak. Sy politieke opponente en ook die swart en bruin Suid-Afrikaners sou die uitslag met groeiende kommer waarneem. Gewese en toekomstige politieke leiers het op die tydstip reeds besef dat hul politieke toekoms ernstig hierdeur geraak sou word.

---

15 PW Coetzer, red., **Die Nasionale Party, deel 4: Van oorlog tot oorwinning, 1940–48** (Bloemfontein, 1994), p. 629.